Pretoria – 21 Junie 2014

Skriflesing: Efesiërs 1:3-14; Romeine 9:21-26
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 16**
Teks**: Efesiërs 1:4; Romeine 9:21**
Sing- Ps.2:1,3; Ps. 18:3; Sb.33:1,3 (2-4:1,3)

Efesiërs 1:3-14

Eph 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,
Eph 1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,
Eph 1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
Eph 1:6 tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.
Eph 1:7 In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,
Eph 1:8 wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand,
Eph 1:9 deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het,
Eph 1:10 om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig—
Eph 1:11 in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,
Eph 1:12 sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het,
Eph 1:13 in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,
Eph 1:14 wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.

Romeine 9:21-26

Rom 9:21 Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?
Rom 9:22 En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het,
Rom 9:23 juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid,
Rom 9:24 ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene?
Rom 9:25 Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde;
Rom 9:26 en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God.

Artikel 16: Die ewige verkiesing van God
Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.

Rom. 3:12; 9:16; Deut. 32:8; 1 Sam. 12:22; Ps. 65:5; Mal. 1:2; 2 Tim. 1:9; Rom. 9:29; Tit. 3:4-5; Ef. 1:4-5; Rom. 11:5; Hand. 2:47; 13:48; 2 Tim. 2:20; Rom. 9:11; 1 Pet. 1:2; Rom. 9:21; Joh. 6:27, 44; 17:9,12; Joh. 13:9; 15:16; Rom. 11:34-35; Joh. 18:20; 15:19; Tit. 1:1; Ef. 1:3; Joh. 10:29; Matt. 15:24; 20:23.

<u>Skriflesing:</u> Efesiërs 1:3-14; Romeine 9:21-26
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 16**
Teks**: Efesiërs 1:4; Romeine 9:21**
Sing- Ps.2:1,3; Ps. 18:3; Sb.33:1,3 (2-4:1,3)

Geliefde broeder en suster, dit wat ons in art 15 bely het, ons leer oor die erfsonde, staan nie verniet vóór dit wat ons vandag bely het nie. U sal onthou dat oor die erfsonde het ons reeds harde en duidelike uitsprake oor elke gebore mens in hierdie wêreld gemaak. Elke mens word so gebore soos wat art 15 dit beskryf. Ons het bely dat by ons as mense, so is ons gebore, so word ook ons kindertjies gebore... **daar is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem.** Dit is harde taal. Verder het ons belydenis dit op geen manier sagter gemaak nie, inteendeel- my en jou **aanhoudende verdorwenheid is soos water wat uit 'n giftige fontein bly uitborrel...** Ef.2:1 verwys na ons *wat dood was deur ons misdade en sondes... nature kinders van die toorn*

As ons vandag by ons belydenis oor die uitverkiesing kom dan kan ons hierdie belydenis alleen verstaan in die lig van die totale verdorwenheid van die menslike geslag. Nogal opvallend en dit moet ons sommer hier in die begin raaksien dat al het ons hier te doen met die hart van om gereformeerd te wees, die uitverkiesing is werklik deel van die hart van wat ons belydenis na vore bring, maar het u agtergekom daar word nie in enige belydenisskrif behalwe die Dordtse Leerreëls geweldig klem hierop gelê nie. Art 16 is maar eintlik kort, in die Kategismus lees ons wel ook van die uitverkiesing, maar ook amper terloops... V/A 52 bely ons in die dele waar dit gaan oor die hemelvaart en Christus se plek in die hemel en dan spesifiek rondom sy wederkoms dan sê die Kategismus net hierdie een sin rondom die uitverkiesing- **dat Hy (Christus) al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp , maar my, <u>saam met al die uitverkorenes</u>, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem.** En dan net so twee vrae verder waar dit gaan oor die kerk van die Here spesifiek rondom die vraag ***Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?*** **Antwoord: Dat die Seun van God <u>uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is</u> , deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou**

en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly. Dit is die totaal van die Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis as hulle direk oor die uitverkiesing praat.

Die Dordtse Leerreëls is natuurlik ’n ander saak. Die intensiewe en breedvoerige uitwerking rondom ons belydenis oor die uitverkiesing het plaasgevind omdat dwaalleraars ons gereformeerde vaders daartoe gedwing het. Die Pelagiane en semi-Pelagiane en Arminiane en Remonstrante, almal het dieselfde dwaallig gevolg, wat daarop uitgeloop het dat die gereformeerde vaders by die sinode van Dordrecht 1618/19 hulle hand diep en vêr moes uitsteek om die belydenis oor wat die uitverkiesing is baie duideliker te maak. Nie dat die Dordtse Leerreëls wel hierdie leerstuk met groot bravade voorgehou het nie. Daar is maar altyd moeilike vrae, dinge rondom die uitverkiesing wat ons na moet kyk soos dit ook in Deut. 29:29 staan- ***29*** *Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet.* Die Dordtse Leerreëls sê self in hfst. 1 par 14 dat vandag nog moet die leer oor die uitverkiesing **op die regte tyd en plek in die kerk van God - waarvoor dit in die besonder bestem is - uiteengesit word. Hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig word. Dit alles moet gebeur tot eer van die heilige Naam van God en tot 'n lewende troos vir sy volk.**

Daar is ’n groot verborgenheid in die verstaan en uitwerking van die uitverkiesing wat ons alleen met heilige eerbied en groot ontsag moet hanteer en moet nie dinge probeer verstaan, probeer regverdig en probeer verduidelik wat ons nie al die antwoorde daarvoor het nie. Ons belydenisskrifte het in alle geval die leer oor die uitverkiesing baie versigtig en met groot eerbied na vore gebring, wat ons ook moet doen.

Omdat daar Remonstrantse twiste was, daarom het die Dordtse Leerreëls op so ’n breedvoerige belydenis moes uitloop, maar nie dat art 16 nie ook baie duidelik sê wat daar gesê moet word nie. Baie korter maar niemand sal eintlik ook weer die Skrifwaarhede hier beter bymekaar kan bring en dit so reguit en duidelik kan stel soos wat art 16 dit reeds doen nie. Art 16 het eintlik net twee redes wat die uitverkiesing in besonder beteken. Hiermee moet ons God verheerlik. Ja, God alleen moet die eer kry vir ons verlossing en daar is geen mens wat homself/haarself kan red nie. Geen mens wat kan sê dat my redding en my saligheid is wel ek wat ook reg kon kies en daarom het God my gekies nie. Rom 9:16, ’n

vroeëre gedeelte van dieselfde hoofstuk waaruit ons gelees het staan- ***16*** *So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is.*

Hier hoor ons die belangrike woord wat Art 16 ook as uitgangspunt stel. God is barmhartig. Voor ons dan nog praat oor God se regverdigheid is God se barmhartigheid net soveel van belang as God se regverdigheid. Efesiërs 1:4-5 laat ons net weer mooi hierna luister- soos wat ons die gedagte-eenheid bietjie uitmekaarhaal dan gaan dit oor die WANNEER van God se barmhartigheid en HÓÉ God barmhartig is- God se barmhartigheid staan hier uit as dit wat al *voor die grondlegging van die wêreld was,* daarin eer ons God dat toe ons nog nie mense was nie, voordat daar nog enige mens was, toe was God al wat Hy nou nog is- 'n barmhartige God... Hy was toe reeds genadige Vader, Vader van Jesus Christus, sy Seun – Die Geloofsbelydenis van Nicea sê van hierdie Seun van God dat **Hy is voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur Wie alles tot stand gekom het.** Die Één in Wie ons God se barmhartigheid die duidelikste moet raaksien en erken is net in die Een Here Jesus Christus.

Daarom as Efesiërs 1 dan nie net praat oor die wanneer van God se barmhartige en genadige uitverkiesing nie, maar ook hóé barmhartig God nou werklik is dan kan dit op geen manier van God se Eniggebore Seun losgemaak word nie. Ons is uitverkies... *om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.* So is Christus voor God, heilig, sonder gebrek, in liefde... Dit wat liefde is en dit wat liefde doen, dit bring ons by die erkenning uit nie net Wie God werklik is nie, Hy wat van Homself sê dat HY LIEFDE IS, dit is Hy wat alle reg gehad het om geen maar geen mens te verlos nie, maar God het alle reg aan sy kant soos Hy alle liefde aan sy kant het en hierdie reg van God wat in liefde tot sondaarmense gekom het, dit het die uitverkiesing moontlik gemaak. Alles steeds omdat God barmhartig is want het God **dié wat Hy uitverkies het,** (en Hy hulle) **uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here.**

***

Ons raak maar net weer klein voor die feite van wat God kon doen en wat God ons openbaar. Daar is nie mense wat beter was as ander mense nie, geen volke beter as ander volke nie, die mens wie en wat hy/sy na die sondeval was kan nie die minste enigiets bygedra het of aangebied het wat sy/haar verkiesing aangehelp of moontlik gemaak het nie. Niks hiervan

nie! Dit is onverdiende saligheid, alleen God se liefde, God se barmhartigheid wat ons voor hierdie groot besluit van God bring. God se besluite wat ons dan ook dikwels noem die ewige Raad van God. Dit gaan hier ten minste daaroor dat God werklik vry is, almagtig is, soewerein is, dat God nie deur mense voorgeskryf of gemanipuleer kan word nie.

God doen wat Hom behaag, God is nie daar om die mens te behaag nie. Wanneer God wil en wie God wil, sal na Hom toe kom. Dit het met ons niks te make oor hoe God dit doen nie, daarvan kan ons geen insig of voorkennis onsself toeëien nie. Hierdie raad van God is ewig (2 Tim 1:9), is onveranderlik (Ef. 1:14), wat ons as mensies net nog kleiner voor die grote God moet maak. Ons as mense het geen reg en geen bewys hoe God moet werk en wanneer God die redding individueel persoonlik maak, dit wat ons dan ook as ons wedergeboorte bely nie. U en ek as mense het eenvoudig die opdrag om God se liefde en God se reg, om God se barmhartigheid en om God se regverdigheid aan alle mense te verkondig.

Ons mag nie terughou of gereserveerd wees met wat ons moet doen nie. Ons moet die Woord na alle mense, almal, niemand mag uitgesluit word nie, almal moet kan hoor Wie God is, Hy wat Skepper is, Hy wat Vader is, Hy wat in Christus ons verlos, Hy wat die Heilige Gees na ons toe stuur, Hy wat ons laat glo, Hy werk die wedergeboorte. Hy bring tot geloof, ja as dit gaan oor ons wat ons daagliks moet bekeer dan het ons beslis hierin ’n verantwoordelikheid, as dit gaan oor die lewe van heiligmaking wat ek deur die Heilige Gees in my moet leef, dan het ek ’n verantwoordelikheid, want wie die Heilige Gees teëstaan, wie die Heilige Gees bedroef, kan niemand anders skuld gee as net die een wat dit doen nie. Daar is geen skuld by God wanneer die mens skuldig staan nie. God het geen skuld aan die feit dat Adam gesondig het nie en daarom het God geen skuld dat ons deur Adam in die verderf en ondergang gestort was nie. Dit is ook weer Art 16 se woorde.

Daarom geliefdes, ons uitverkiesing moet noodwendig uitloop op ’n lewe waarin ons net God kan eer, alleen God moet verheerlik word. Iemand wat sê ag ek is uitverkies ek kan nie verlore gaan nie... Die een wat dit wil sê is besig om ons belydenis oor die uitverkiesing te misken. Daar mag by mens nooit ’n gerustheid wees, ’n valse gerustheid wat maak dat ek dink ek kan nou maar roekeloos lewe nie. Weer terug by Efesiërs 1 dan is dit wonderlik om te mag hoor die uitverkiesing maak jou dat jy verantwoording voor God vir jou lewe wil aanvaar. Die uitverkiesing het ten doel dat ons voor God heilig en onberispelik sal wees. As mens dit nie voor God wil wees nie, moet dan eerder nie so seker wees dat diesulkes

uitverkies is nie. Dit is in alle geval nooit iets wat ek voorop kan stel en dit voorgee wat dit nie wil wees nie. Dit maak mense juis nederig en ootmoedig en klein voor God, dit laat my my skuld besef, my totale verlorenheid, net God wat ons kon red.

***

Maar geliefdes kom ons wel dit duidelik maak dat ons belydenis praat ook van die verwerping. Nou moet ons weer net so versigtig wees. Die feit dat die mens vir sy eie val verantwoordelik is, dit is en bly vooropstaan. In daardie gevalle toestand, die totale gevalle mens word in daardie val eenvoudig gelos in wat hy/sy in alle geval oor hulleself gebring het. Dit was mos die mens se eie keuse! Daarom doen God sulke mense geen onreg aan nie. As God niemand gered het nie dan was Hy steeds die ewige regverdige God.

Waarmee ons hierdie deel van ons belydenis mee kan afsluit om volgende keer te mag kom na God wat die mens opsoek, die gevalle mens wat weer opgerig kan word, laat ons dit vasmaak. Ons roeping en ons verkiesing. God het sondaars lief toe hulle nog sondaars was. God se liefde in Jesus Christus het Jesus Mens op hierdie aarde laat word, Hy wat sonder sonde is, Hy wat geen erfsonde gehad het nie, geen sonde gedoen het nie, Hy het sonde vir ons kom word. Hy het Homself oorgegee dat Hy wat volkome onskuldig was in alles die skuld moes dra. Met sy bloed het Hy ons met God versoen. Dit alles om God se uitverkorenes, God se kinders vry te maak van die ewige dood, van die hel en om ons te bevry van wat die duiwel ons wil aandoen. Die duiwel sal alle mense weer in die hel wil stort waar sy ewige bestemming is.

Ons maak as gereformeerdes ’n groot saak van die uitverkiesing omdat God se genade groot is, maar ons kan nooit van die uitverkiesing ’n groot saak maak omdat dit my saak voor God regmaak nie. Dit is ’n belangrike en fyn onderskeid wat ons moet bly handhaaf. Al hoe my saak voor God kan reg wees is in wat Christus kom doen het, met Sy lewe en Sy bloed het Hy betaal. Hy het dit gedoen vir hulle Wie God van Hom geëis het, hulle wie God aan Hom bewys het, hulle behoort aan My, hulle ontvang My geregtigheid asof hulleself daarvoor betaal het, maar nooit het hulleself dit sou kon betaal as hulle sou kon kies nie.

AMEN